

het ons in vol vaart oor onafsienbare vlaktes en deur bergagtige bosveld gery wat ons elke uur ander vergesigte laat sien het. Ons het gekom aan 'n dorp, Makapanspoort of Pieter Potgietersrust genoem, waar ons deur die boere met ereskote begroet is en waar ons na 'n besoek aan die Landdrostkantoor 'n aangename aand deurgebring het. Ons het ons perde vooraf gestuur en hulle het ons daar vars perde verskaf.

Op die verdere reis was die Natuur weer heeltemal nuut vir my. Die groei van plante en bome was daar forser en van 'n gans ander soort. Hier het nog leeus, buffels en olifante verblyf, maar ek het hulle toe nie gesien nie. Ons het kameelperde in klein groepe bo die bome sien uitsteek; hulle is die mooiste wild wat ek ooit gesien het. Een van ons had die geluk om een van hulle te skiet; die vleis daarvan is deur ons as 'n lekkerny genuttig. Ons het talle volstruise gesien; in 'n nes op 'n kaal plek in die gras was meer as 60 eiers, wat deur verskillende voëls gelê was; hulle was amper uitgebroei sodat ons geen daarvan kon nuttig nie. Hul vere lyk die pragtigste wanneer hulle loop. Voëls wat in die gelyk veld leef, is veel fraaier as dié wat in die bosse bly.

Ons het op ons reis verder 'n bewoonde plaas aangedoen waarvan die water besonder geskik is vir genesing van wonde en druk besoek word.<sup>17)</sup> Ons het daar nog 'n begrafnis bygewoon van iemand wat slegs enkele dae tevore deur 'n leeu erg vermink was. Die lyk was onherkenbaar.

Ons het die plek van ons bestemming geleidelik genader en het langs talle kafferkrale gery. Toe ons een van die krale wou verbyry, is ons opgehou deur twee ou, grys swartes wat hul droefheid kenbaar gemaak het deur voor die perde te gaan lê en telkens die hande bo hulle ineen te slaan. Die seun van ons president<sup>18)</sup> wat ons bekwane drywer was, het die swartes se taal verstaan en as tolk gedien. Hulle het vertel dat hulle op 'n dag in hul kraal deur enkele boere oorval is wat die mans doodgeskiet het. Slegs hulle twee met enkele vrouens en kinders is gespaar. Die boere het al hul vee saamgeneem en nou was hulle die prooi van die bitterste armoede.<sup>19)</sup>

Ons het 'n proses-verbaal opgestel en 'n paar name van die boere wat die gruwelaad verrig het, genoteer. Dit was juis sodanige klagte wat aanleiding was vir ons reis na Zoutpansberg.

Ons president - (Stephanus) Schoeman, wel te verstaan - het enkele dae voor ons vertrek al die swart hoofmanne by mekaar laat roep en talle van hulle was aanwesig. Daar was meer as 80 swart kapteins, vergesel deur hul indoenas, by mekaar en al hul klagte is genoteer om naderhand as beskuldigings teen die gruwelike misdadigers voor 'n hooggereghof te dien. Dit was 'n interessante aanblik om soveel hoofmanne en verteenwoordigers van verskillende swart stamme byeen te sien. Sommige was heeltemal kaal, andere was met die bespotlikste dinge versier.

Hul wapens was netso verskillend as hul gedragings. Talle het die wonderlikste musiekinstrumente saamgebring en ieder aand is onder hulle gedans. Die beskuldigdes het nie vooraf bvengekom en het geweier om op die dagvaarding te verskyn. Maar toe die meeste swartes weg was, het hulle moed gevat en 'n 20-tal van hulle wou die vlag voor die kantoor weghaal en ons goed- of kwaadskiks noop om te vertrek. Ons was op ons hoede en ons houding en die manmoedige gedrag van die goeie ingesetenes het hul plan verydel. Omstandighede het daar toe gelei dat hulle nie voor die hof hoeft te verskyn nie. Naderhand het die swartes hulle gewreek. Zoutpansberg is deur hulle verwoes en die belhamels het die vreeslikste dood ondergaan.<sup>20)</sup>

Zoutpansberg was 'n stapelplek van die ivoorhandel; die swartes het die olifantstande in menigte aangebring en het hulle teen enkele glaskrale en koperringe verruil.<sup>21)</sup> Ek het daar olifantstande gesien wat 120 pond per stuk geweeg het.

Meermale het die Engelse die Transvalers van handel in slawe beskuldig. Ek kan nie ontken dat enkele persone, onder wieveral Engelse was, hulle wel eens skuldig gemaak het aan die koop van kinders van swartes en dat hulle die kinders vir 'n prys van ongeveer 200 gulden van die hand gesit het nie. Dit is die handel van "swart ivoor" genoem. Maar ek kan in opregtheid verklaar dat wanneer dit bekend geword het, die regering die daders ten strengste gestraf het. In die noorde van Transvaal het dit gewemel van swart stamme wat deurgaans bloedige oorlog teen mekaar gevoer het; die kinders van die verslanes is aan hul lot oorgelaat en was daardeur aan die honderdood prysgegee. Die boere wat sulke armsalige klein skepsels gevind het, het hulle dan saamgeneem en hulle naderhand as bediendes gebruik. Volgens die wet moes sulke klein swartes by die Landdrost ingeboek word om by hul meerderjarigwording volledig vrygelaat te word. Het klagte ingekom dat hulle in hul minderjarigheid nie na behore behandel is nie, dan is hulle by andere uitbestee

Ons werkzaamhede in Zoutpansberg was beëindig en die orde soveel moontlik herstel... Die terugreis is aanvaar....

- o -

#### Bylae B

Friedrich Jeppe, "Die Transvaalsche oder Süd-Afrikanische Republik, Ergänzungsheft No. 24 zu Petermann's Geographischen Mittheilungen", by Justus Perthes, Gotha 1868, p.6-7 en 8-9.

Die hierna volgende paragrawe is oorgeneem uit die boegnoemde bladsye en uit Duits in Afrikaans vertaal.

Eldorado<sup>22)</sup> vir die jagters - Die Transvaalse Republiek kan werklik die Eldorado vir die jagter en jag liefhebber ge-

noem word, want wild van enige soort is hier oorvloedig aanwezig. Dit is daarom geen wonder dat die land elke jaar deur 'n groot aantal jagters uit alle dele van Suid-Afrika en selfs uit Europa besoek word nie. Hulle keer gewoonlik met hele waledings horings, velle en karosse (tier-, leeu- en pantervelle) terug. Ook bring hulle merkwaardige wapens en sierade van swartes huis toe wat hulle vir 'n handvol krale<sup>21</sup> of deur ruilhandel verkry het, uit die binneland, waarmee hulle in die vaderland die mure van hul huise versier.

Olifante, renosters (swart en wit), seekoeie, buffels en kameelperde is min jare gelede nog in die suidelike streke van die land aangetref, maar het hulle geleidelik na die noorde teruggetrek. Die boere egter wat die waarde van hierdie diere voldoende ken om op prys te stel, ontsien geen moeite, ontberinge en strawasse om hulle op te spoor en dikwels met groot gevaar te jag. Die olifantsjagters gaan tot aan die Zambezi en in die jongste jare het hulle met 'n saamgenome boot die stroom oorgesteek en noordwaarts van dié rivier getrek. Weens die groot hitte in die somer kan hierdie streke slegs in die winter besoek word. Die reis duur met die ossewa van hier na die Zambezi gewoonlik 50 dae en word gewoonlik in Mei begin, en in September of Oktober keer die jagters terug huis toe.

. Die reeds vermelde verdrag met die Britse Kroon<sup>23</sup> verbied sowel die Engelse as Republikeinse onderdane die ruilhandel met die inboorlinge in gewere, kruit en lood. Maar tog word jaarliks 'n groot aantal gewere en groot hoeveelhede ammunisie deur Engelse jagters en kooplui (traders) uit die Kaapkolonie na die binneland gebring en virivoor en volstruisvere geruil. Daar die 'nboorlinge tans dwarsdeur die jaar op olifantsjag is, het dit vir die hier gevestigde jagters in die jongste tyd moeilik geword om so groot hoeveelhede ivoor as wat hulle vroeër huis toe gebring het, te verkry. Dit het nog minder moontlik vir hulle geword om ivoor op die voorheen gebruiklike wyse, naamlik teen wolkombense, krale, messingdraad en dergelyke by die inboorlinge te ruil. Dit doen die vroeër bloeiende en winsgewende handel met die inboorlinge aansienlik afbreuk. Dit is des te betreurenswaardiger omdat vertoë en klagte van die Republikeinse regering by die Engelse koloniale regering tot nou toe geen gehoor gevind het nie.

Volstruise, blesbokke, springbokke, wildebeeste, kwaggas (zebra's) word slegs aangetref in die vlaktes, die eersgenoemdes in troppe van 10 tot 30, die origes in kuddes van honderde. As gevolg van die hoë prys wat in die jongste jare vir alle soorte volstruisvere betaal word, het duisende van hierdie onskuldige diere as slagoffer van die mode geval. Enorme hoeveelhede van die waardevolle handelsartikels word tans oor die hawens van die Kolonie en Natal na Engeland uitgevoer. Die vere kom uitsluitend uit hierdie Republiek en dié in die Weste

aangrensende streke, want in die Kaapkolonie en die aangrensende Vrystaat is die jag op volstruise op streng straf verbied. Die prys van mindere kwaliteit, soos swart, geverfde en grys vere, het in die jongste jare aansienlik gedaal, maar vir die beste wit vere is die hoë prys tot op hede gehandhaaf. Die prys van sulke vere varieer in Engeland tans nog tussen £30 en £45 (200 tot 300 Thaler) per pond en in een pond gaan 90 tot 110 vere.

Van roofdiere is 'n groot aantal beskikbaar, soos leeu, tiers, wolwe, jakkalse, tierkatte, ensovoorts. Hulle word in 'n jaarliks toenemende aantal deur die boere gedood en trek hulle meer en meer in onbewoonde streke terug. Van die drie hier aangetroffene soorte leeu is dié met vaalgele liggaam en swart maanhaar die gevaelikste. Tog hoor jy selde dat hy 'n mens aanval, omdat wild oorvloedig te vind is.

Schoemansdal in die distrik Zoutpansberg lê in die verste noorde van die Republiek. Dit is 'n kleindorp aan die voet van die gelyknamide berg. Dit was vroeër die belangrikste plek vir die ivoorhandel, maar hierdie handel is in die jongste jare weens reeds vermelde en ander oorsake baie verminder. Sodra die jagseisoen nader en die olifantsjagters wat uitsluitend inboorlinge is - hulle op reis moet begewe, word hulle deur die blanke inwoners van Schoemansdal en die Zoutpansbergdistrik met vuurwapens, ammunisie en lewensmiddelle uitgerus. Hulle gaan dan te voet op reis, want weens die giftige vlieë (tsêtsé) wat oral in die noorde van Zoutpansberg vóórkom, kan hulle geen perde of osse op die jag saamneem nie. Die jagters dring diep in die binneland en bring op hul skouers die tandé van die gedode olifante na Zoutpansberg.

In die jongste jare het egter twiste tussen die jagters en hul meesters oor die aandeel in die jagbuit ontstaan. As gevolg van hierdie twiste het 'n groot aantal jagters geweier om die gewere wat aan hulle toevertrou is, terug te gee. Hulle verkeer tans in oop oorlog met die boere. Onpartydige ooggetuies gee egter bepaalde boere die meeste skuld en hulle kla hulle aan omdat hulle die jagters afgeskeep het en van laasgenoemdes sonder gegronde redes talle honderde stuks vee wegge-neem het. Talle klakte hieroor het die regering ter ore gekom en het die regering aanleiding gegee om 'n gereghof in Schoemansdal byeen te roep. Daarvoor moet die twistende partye verskyn om volgens die landswette hetsy gestraf hetsy vrygespreek te word. 'n Kommando is opgeroep om hierdie gereghof te beskerm. Hopelik sal hierdie maatreëls die gewenste resultate hê, want die verlies van die belangrike en winsgewende ivoorhandel sou spoedig aan verskillende kante gevoel word.

Om 'n denkbeeld te gee van die belangrikheid van hierdie handel wil ons hier slegs terloops vermeld dat in die seisoen van 1864 een Zoutpansbergse koopman alleen al nie minder as

312½ Engelse sentenaar<sup>24)</sup> ivoor na Natal gebring het. Om hierdie hoeveelheid te verkry, wat 'n waarde van ongeveer £8000 verteenwoordig, moes teen 350 volwasse olifante gedood word.

Die dorp Schoemansdal het ongeveer 100 inwoners, een Hollandse kerk en drie of vier winkels. Die mooiste en waterrykste plase lê in die sogenoemde Spelonke wat bestaan uit 'n reeks klein vleie met ryk plantegroei en houtbos begroeい. Die koffieboom gedy hier besonder goed. Ongeveer 6 uur ten ooste van Schoemansdal bevind hom die woning van die Portugese konsul Albasini. Hy is een van die grootste ivoorhandelaars en onderhou sewendige verkeer met Lourenco Marques, die Portugese besitting aan Delagoabaai.

#### Verwysings.

1. F.J. Potgieter, "Die vestiging van die blanke in Transvaal 1837-1886, met spesiale verwysing na die verhouding tussen die mens en die omgewing", in "Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis", jaargang 21 deel 2, 1959, p.116-118, "Terugslae in die okkupasie".
2. Friedrich Jeppe, "Die Transvaalsche oder Süd-Afrikanische Republik, Erfänzungsheft No. 24 zu Petermann's Geographischen Mittheilungen", by Justus Perthes, Gotha 1868, p.9, linkse kolom, ook in Afrikaanse vertaling in Bylae B ná die onderhavige artikel - Een Engelse sentenaar of "hundredweight" is die gewig van 100 Engelse ponde van elk 453 gram.
3. Potgieter, "Die vestiging van die blanke, p.69; Jeppe, "Die Transvaalsche Republiek", p.9 linkse kolom; J.B. de Vaal, "Die rol van Joāo Albasini in die geskiedenis van Transvaal", in "Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis", jaargang 16, deel een, 1953, p.13.
4. Die aanduiding van die moeilikhede in Zoutpansberg en die oorsake daarvan word deur sommige historici te onvolledig en eenvouding weergegee, byvoorbeeld deur J.S. du Plessis in C.F.J. Muller, "Five hundred years, A history of South Africa", Academica, Pretoria 1969, p.225: "... the tribes in the Soutpansberg within Transvaal territory, in 1867 broke into open revolt, armed with guns and ammunition supplied by gunrunners". Inderdaad het smouse onwettig vuurwapens en ammunisie aan swartes verkoop en hulle was "gunrunners", maar die meeste gevare en ammunisie is deur blanke boere aan swart jagters uitgeleen om vir die blankes te jag.
5. Potgieter, "Die vestiging van die blanke", p.75.
6. De Vaal, "Joāo Albasini", p.19.
7. De Vaal, "Joāo Albasini", p.49-50; O.J.O. Ferreira, "Stormvoël van die Noorde: Stephanus Schoeman in Transvaal", Makro-Boek, Pretoria 1978, p.236-237.
8. J. Ploeger, "Hendrik Stiemens", met opgaaf van voorgaande artikels van Ploeger oor H. Stiemens, in "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordboek", deel een, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1968, p.807-808. Kyk ook J.Ploeger, "Hendrik Stiemens", in "Pretoriania" nos.98 en 99.
9. Ferreira, "Stephanus Schoeman", p.242.

10. J. Ploeger het die publikasie "Oude tijden in Natal en Transvaal" wat sonder skrywersnaam verskyn het in "De Gids" te Amsterdam in 1934 bespreek in "Pretoriania" no. 3-4, Maart 1952, p.3-22. Die manuskrip van die bovermelde artikel in "De Gids" is deur 'n verlangse familielid van H. Stiemens, Tini Borchgreve-Wicherink, onder die titel "Oude tijden in Natal en Transvaal" gepubliseer in "De Gids", Amsterdam 1934, p.165-194 en 315-349. Ploeger het vasgestel dat die skrywer sonder twyfel H. Stiemens was.
11. Ferreira, "Stephanus Schoeman", p.239.
12. Die beskrywing van die distrik Zoutpansberg deur Jeppe in "Die Transvaalsche Republiek", p.8-9. is uit Duits in Afrikaans vertaal; die vertaling volg in Bylae B.
13. De Vaal, "João Albasini", p.97-100; Ferreira, "Stephanus Schoeman", bespreek die reis van S. Schoeman saam met die kommando onder S.J.P. Kruger na Schoemansdal in 1867 op p.326-329, maar vermeld nijs oor die vommisse van die hooggeregshof en die ontbinding van die hof nie; blykbaar was S. Schoeman geen lid van die hof nie.
14. De Vaal, "João Albasini", p.105-110.
15. Hierna aangedui as "swarte(s)".
16. "Ons" in Stiemens se verslag omvat die waarnemende Staatspresident Stephanus Schoeman, sy seun Hendrik, later bekend of berug as generaal in die Anglo-Boereoorlog 1899-1902, Hendrik Stiemens en moontlik nog ander, hier ongenoemde persone.
17. Dit is moontlik een van die warm mineraalwaterbronne by die huidige Naboomspruit tussen Potgietersrust en Pietersburg.
18. Die seun was Hendrik Schoeman - Stephanus Schoeman was waarnemende Staatspresident in afwesigheid van Staatspresident M.W. Pretorius wat as Staatspresident van die Oranje-Vrystaat gekies was.
19. Voordat die leser die klagte van die swartes as geheel geloofwaardig aanvaar, sou dit goed wees om kennis te neem van vertoë van beskuldigde blankes oor die aanleiding vir hul optrede teen die swartes.
20. Van omvangryke wrekhede deur swartes jeans blankes na die ontruiming van Schoemansdal in 1867 begaan, is my nijs bekend nie. Moontlik doel Stiemens hier op die moorde deur swartes van die stamhoof Makapan (Mokopane) by Moorddrift in September 1854 begaan, maar dit was 13 jaar voor die verlating van Schoemansdal, dus nie ter sake nie.
21. Dit was en is 'n hardnekke misverstand by Europeërs, ook by Stiemens, dat die swartes in Afrika by die ruilhandel met blankes tevrede was met enkele goedkoop snuisterye soos kraale, kamme en spieëltjies. Volgens ingeligte historici het die swartes in die eerste plek waardevolle goedere soos vuurwapens, tekstielstowwe, metaalware en sterk drank verlang.
22. Eldorado is 'n fabelagtige land, lank in Suid-Amerika gesoek, waar goud en edelstene langs die pad lê, 'n goudland, ook 'n heerlike, gelukkige land of paradys; el Dorado is Spaans en beteken die vergulde (man).
23. Bedoel is die verdrag van Zandrivier in 1852 gesluit, waarin Groot-Brittannie Transvaal as die Zuid-Afrikaansche Republiek en as onafhanklike staat erken het.
24. Sentenaar is 100 Engelse ponde of hundredweight, teen 453 gram per pond.

### LITERATUURBESKOUING

Die bostaande aanhaling uit die publikasie van Friedrich Jeppe is ontleen aan sy brosjure "Die Transvaalsche oder Süd-Afrikanische Republik", Gotha 1868. Van die brosjure het onlangs 'n vertaling uit Hoogduits in Afrikaans deur C. de Jong verskyn in "Pretoriania" No. 101, Augustus 1992. Oor Hendrik Stiemens het dr. J. Ploeger gepubliseer in "Pretoriania" Nos. 98 en 99, April en Augustus 1991.

Daar het verskeie publikasies in Engels en Afrikaans oor die geskiedenis van Zoutpansberg in die 19de eeu en die konflikte daar in 1860-1868 die lig gesien. Hulle brei uit oor die botsings tussen swart stamme en tussen faksies van blankes met mekaar en met swartes, maar gaan meestal verby aan die agterliggende toestande en oorsake, soos Roger Wagner opmerk, hoewel F. Jeppe in sy bogenoemde geskrif die oorsake bondig en duidelik opsom. Die oorsake is reeds deur George McCall Theal saamgevat in sy "History of South Africa", deel 4, 4de druk, Londen 1919, p.478-479. Hy skryf: "There were ... many elements of discord in the district of Zoutpansberg. (1) There was the refusal of the black hunters to give up guns committed to their charge, (2) there was a bitter feeling on the part of the blacks towards the disorderly Europeans (d.w.s. blankes) who had collected there and who plundered and insulted them without the slightest scruple, (3) there were (fire-)arms acquired from illicit traders in the hands of Bantu clans who could not refrain from using them, and (4) there was a violent tribal feud in which one party was protected by the European (d.i. blanke) government." Ek voeg as oorsaak (5) hierby die handel deur blankes in swart vrouens en kinders wat tydens die gevegte tussen stamme en sibbes in Zoutpansberg onversorgd gelaat en op die vlug was en deur blankes geëien is as "inboekelingen" en "apprentices".


Die historici wat die meeste op die agtergrond van die konflikte ingegaan het, is P.J. Potgieter, "Die vestiging van die Blanke in Transvaal 1832-86" (Argief-Jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, Pretoria 1958, deel 2, p.87-145), en veral Roger Wagner, "Zoutpansberg: the dynamics of a hunting frontier, 1848-1867" (Shula Marks and Anthony Atmore, eds., "Economy and society in pre-industrial South Africa", Longman, London and New York, 4de druk 1990, p.313-349). Die onlangse publikasie deur J.C.A. Boeyens, "Die konflik tussen die Venda en die Blankes in Transvaal 1864-1869" (Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, jaargang 53, deel 2, Staatsdrukker, Pretoria, 1990) verwys na R. Wagner, maar slegs terloops in noot 21 op p.3 en is, wat R. Wagner noem, 'n "conventional" bydrae.

Wagner brei uit oor "the enlarging hunting frontier" in Noord-Transvaal. Hy bedoel daar mee die verskuwend jagtersgrens, een van die soorte "moving frontiers", en hy noem die volgende veranderinge aan die grens in die loop van die 19de eeu. Die jagtersgrens het verskuif uit die streek tussen die Waterberg en Zoutpansberg na die noorde, oor die Limpopo in

Botswana by die Ngamimeer, in Gazaland en tot die Zambesi. Die Boere het tussen die Waterberg en Zoutpansberg in die wintermaande gejag deur groot wild uit die saal te skiet en is vergesel deur ossewaens vir jagprodukte en 'n aansienlike aantal swartes. Toe die jag grotendeels na die tsetsevlieg-streek noord van die Zoutpansberg verplaas is, was die jag met perde en osse daar onmoontlik. Die blanke jagters het daar te voet getrek, begelei deur swart skuts en swart draers vir die jagprodukte. Soos die jagtoge verder in Translimpopo gestrek het, het die meeste blanke beroepsjagters by die huis gebly en die jag aan swart skuts oorgelaat. Hulle het die swartes toegerus met lewensmiddele en in stryd met die wet ook met gewere en skietgoed. Ter wille van die jag is die wet nie toegepas nie. Soos die wild skaarser geword het, is die jagseisoen verleng buite die wintermaande en het ten slotte die hele jaar geduur. Die praktyk van jag te voet met swart skuts en draers is reeds voor die vestiging van Boere deur Portugese en die kus gevolg.


Die verskaffing van ammunisie en van gewere in bruikleen aan swart skuts het hulle 'n maatsposisie gegee wat hulle tydens die arbeidskonflikte weens vermindering van die jagopbrengste na 1860-1867 teen die blanke werkgewers en andere uitgebuit het.

Die hoofsoorsake van die konflikte in Zoutpansberg was die vermindering van die wildstapel en gevoldlike ekonomiese agteruitgang en die verswakking van die sentrale gesag in Transvaal deur die onenigheid in die land buite Zoutpansberg, waardeur die sentrale gesag sy invloed in Zoutpansberg verloor het.



Tekening gemaak deur Alexander Struben van Schoemansdal in 1856. Op die voorgrond is die fort of skans sigbaar. Die Nederduitsch Hervormde kerkgebou en pastorie is nog nie aangedui nie.

Uit "Schoemansdal, 'n dorp herleef", brosjure in 1988 uitgegee deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum te Pretoria



Gesig in voëlvlug op die dorp Schoemansdal, soos dit volgens die verbeelding van 'n hedendaagse kunstenaar uitgesien het kort voor die verlating van die dorp in 1867. Syfer 1 duï die fort of skans in die middel van die dorp aan, syfer 2 die Nederduits Hervormde kerkgebou, syfer 3 die pastorie van Ds. N. van Warmelo.

Uit "Schoemansdal, 'n dorp herleef", brosjure in 1988 uitgegee deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria

## THE GENERAL DE WET FARM IN WESTERN JAVA REVISITED

After the reception of my article "Die blanke boere in Oos-Indië, onder wie die laaste Afrikaners van Ceylon, 1903-1962 (4) - Opkoms, bloei en ondergang van die Generaal-de-Wetplaas", in "Pretoriania", no. 96, November 1989, Mr J. van Stijgeren, Seattle, USA, a son-in-law of Louis Hirschland (married to Nannie Lise Hirschland), pointed out to me several mistakes and gaps, due to wrong information. He referred me to his article "Afrikaanders bij Lembang" in the journal "Moesson, Onafhankelijk Indisch Tijdschrift", The Hague, 1 December 1985, which gives first hand and better information. Of course Mr. J. van Stijgeren and his spouse who grew up on the farm are the best informants.

I apologize for my mistakes and offer here a translation of his article in "Moesson" in English. Thereafter I summarize their corrections of errors and omissions in my paper.

### AFRIKANERS NEAR LEMBANG

by J. van Stijgeren

Originally about 20 Afrikaners settled at Lembang. With the exception of two they returned to South Africa or found employment elsewhere in Java. Those two who remained were Louis Hirschland and Willem Gerhard van Zijl. Louis Hirschland is the farther of my wife, Nannie Lise Hirschland. Hirschland and Van Zijl started anew at Tjisarua above Tjimahi where they received land from the Government of Dutch East India. This land consisted of neglected coffee plantations and to make it suitable for agriculture they had to redevelop it first, on their own risk and expenses cutting down trees etcetera. Besides crop-farming they had five indigenous cows and the use of a bull of the Government to start therewith a livestock farm.

The partnership of Hirschland and Willem van Zijl developed into the "Landbouw- en Veeteeltbedrijf Boerderij Generaal de Wet" (agricultural and animal husbandry estate General de Wet Farm), Tjisarua, Tjimahi. A unique collaboration: Hirschland the organizer and financier and Van Zijl the veterinary and animal expert, which resulted in 40 years in a studfarm and dairyfarm. It had continuously 600 heads of Dutch-Frisian milk-yielding pedigree cattle, in addition about the same number of heifers and not yet productive cattle and about an equal number of young bulls which were sold to the Government for upgrading the indigenous herds. For stockbreeding, pedigree bulls were regularly imported from the Netherlands, for the last time ten full-grown bulls in 1938, shortly before the second World War. This herd of nearly 2000 head was permanently lodged in 15 stables, some older and smaller than the new stables which housed each up to 150 head.

Milking took place by hand by a staff of towards 100 male and female milkers, lodged on the farm premises. An electrical installation could be used in case of need, but milking by hand was preferred. Elephant grass, alfalfa and other grass species were grown in own gardens - some hundreds of hectares, partly owned by the farmers, partly held in long quitrent - and daily cut and brought to the stable racks.

In this brief article mention should be made of the unique collaboration which existed between the "European" owners and the Indonesian workers. Among the population they were known as "Tuan Boer" (Mister Boer). My wife's mother, Mas Pia<sup>1</sup>), died from cancer when my wife was only seven years old. She as well as her sister, Mas Nah, who was married to Willem van Zijl, worked very hard during all these years for the extension of the farm. Being of Indonesian descent they could move very easily in Dutch as well as Indonesian circles and they were an important link on the farm and in its running.

We mention here that in 1927<sup>2</sup>) Hirschland and Willem van Zijl caused Christoffel van Zijl, Willem's brother, to immigrate from South Africa, because they had started horse-breeding for military purposes. Later this enterprise was abandoned and the land with the stables was used by young cattle.

Christoffel van Zijl died during the Second World War.<sup>3</sup>) Of his children one daughter is still alive; she lives in the Netherlands.<sup>4)</sup>

Willem van Zijl died in April 1940 and his part in the management was taken over by Hirschland's son Joop who a short time before had completed his study as a veterinary.

